
MIKRO

WERK EN SKEP

# Goeie leiers




## Graad 4: Geskiedenis


Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Goeie leiers

Goeie leiers deel sekere eienskappe. Gewoonlik doen hulle die volgende:

- Luister na ander
- Werk vir ander se welsyn
- Werk in 'n span
- Lê moed aan die dag en is dapper
- Is toegewyd aan hul ideale en oortuigings
- Is bereid om op te offer of iets te gee vir dit waarin hulle glo, en vir ander mense





Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Wie kan leiers wees?

Leiers is nie altyd beroemde mense nie – gewone mense kan ook leiers wees.





Laerskool Mikro Kopiereg ©

LAERSKOOL MIKRO

# Nelson Mandela



Nelson Mandela is ‘n wêreldberoemde leier wat vir menseregte baklei het. Hy was die eerste president van die demokratiese Suid-Afrika.



Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Mahatma Gandhi

Mahatma Gandhi was Indië se belangrikste politieke en geestelike leier. Hy is ‘n simbool van wêreldvrede.





Laerskool Mikro Kopiereg ©

LAERSKOOL MIKRO

# Toekennings vir leierskap

Die Internasionale Gandhi-prys vir Vrede is na Mahatma Gandhi vernoem. Nelson Mandela het die prys in 2000 ontvang.

Nelson Mandela het die Nobelprys vir Vrede in 1993 ontvang. Gandhi het nooit dié prys ontvang nie, maar baie mense voel dat hulle deur sy lewe van geweldlose optrede geïnspireer is.









ereg ©

# Ooreenkomste tussen Mandela en Gandhi

- Albei het **regte** gaan studeer en het prokureurs geword om mense te help.
- Albei was bereid om **tronk** toe te gaan of te sterf vir dit waarin hulle geglo het.
- Albei was **goeie leiers** en het geglo dat alle mense **gelyke regte** moet hê.
- Albei was **dapper** en het hul lewe in gevaar gestel vir ander.
- Albei was gewild of ongewild by sekere mense, maar hulle wou van die **wêreld 'n beter plek** maak.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Goeie leierskap

LAERSKOOL MIKRO

’n Leier is iemand wat
meer kan sien as wat
ander kan sien,
wat verder kan sien as
wat ander kan sien,
en wat dit kan sien
voor ander dit kan sien.

-Leroy Eimes-

★ ★ ★



Laerskool Mikro Kopiereg ©